# ‘Jy is saam met wie jy wíl wees’

Vanjaar is ’n jaar van mylpale vir **MARIUS WEYERS**, wat pas sewentig geword het. Hier praat hy met **Willemien Brümmer** oor die belangrikste keuse in sy loopbaan.





Marius Weyers en sy beeldhouervrou, Evette, in haar ateljee op Rooiels by haar Fynbos-Boeddha wat binnekort in Stellenbosch uitgestal word. Die afgelope vyf jaar het hy besluit dis sinloos om so baie van die huis af weg te wees. Hy sê nou net ja vir produksies wat hom werklik interesseer. **Foto: DEON RAATH**

As daar een toneel uit sy lewe is wat Marius Weyers vir altyd sou wou onthou, is dit daardie dag in die Notre-Dame.

Dis presies veertig jaar gelede en die enigste trougaste is hy en Evette. Geen dominee of trouformulier of trouringe nie. Hulle is geklee in jeans en T-hemde en op hul rûe is die dag se proviand.

Agter in die katedraal vind hulle ’n stil hoekie waar die maalstroom toeriste nie dié heilige oomblik kan versteur nie. “Ons het vir mekaar gesê dat ons lief is vir mekaar en so aan, en dit was ’n pragtige troue, net die twee van ons,” sê Marius.

Hy kyk onderlangs na sy beeldhouer-vrou, waar sy langs hom op die leerrusbank in hul pampoenkleurige huis op Rooiels sit. Saam is hulle ’n studie in blou: Hy in sy *navy* hemp en daardie grysblou oë wat binne sekondes die volle emosionele tafereel – vanaf tragies tot hartverskeurend snaaks – kan bemeester. Sy ’n soort see-elf in ’n denimbaadjie wat heeljaar duik en gebore is “om die wilde plekke van die aarde te tem”.

Vanjaar is ’n jaar van mylpale vir die Weyerse. Einde Januarie het Evette die commendatio gelewer toe Marius die Klein Karoo Nasionale Kunstefees se Onbeperk-prys vir Vertolking gewen het. Donderdag word hy met ’n kykNET-Fiësta vir sy lewensbydrae vereer.

Hy en Evette het op 3 Februarie sy 70ste verjaardag stil-stil in hul huis, Emoyeni (dit beteken “in die gees”), in Rooiels gevier. Vyftien dae later was dit die herdenking van hul “amptelike troudag” in ’n registrasiekantoor in Londen.

In kanon vertel hulle van die dag in Spanje toe hy haar per toeval gevra het om te trou. “Ons was heel gelukkig, daar was nooit sprake van trou nie. Dit was ’n lekker verhouding en ons wou dit nie verongeluk nie,” sê dié kolos van die teater en silwerskerm wat sedert *The Gods Must be Crazy* in 1980 ’n huishoudelike naam geword het.

> “Ons stap die laaste ent deur die lemoenboorde en skielik besef ek net: Sê nou net een van ons het nie nou hier teruggekom ná die ongeluk nie?”

Dit was tydens ’n oorsese reis en hulle het naby Alicante in Spanje in ’n ou Moorse meule tussen enorme lemoenboorde gewoon.

Eendag, ná ’n middagete met baie wyn, ry hulle kuslangs en gesels oor *Don Quixote*. Hulle raak so meegevoer dat Marius skoon vergeet om regs te hou. Hulle beland voor ’n aankomende Citroën met drie Hollanders in en dié kar vou soos ’n kartonkonsertina op.

Gelukkig is hulle wyn-bestand teen die skade en die Hollanders is ook ongedeerd. Baie verlig ry hulle die aand met ’n taxi huis toe.

“Ons stap die laaste ent deur die lemoenboorde en skielik besef ek net: Sê nou net een van ons het nie nou hier teruggekom ná die ongeluk nie?” vertel Marius. “Die volgende dag met middagete vra ek haar toe om te trou.”

## ABSURDE TEATER

Eers wou hulle in Spanje die formaliteite afhandel, maar die burokratiese rompslomp het dit onmoontlik gemaak. “Toe gaan ons Parys toe en ons wou dáár trou, want ons was mal oor die stad, maar dit was weer dieselfde ding.” Marius lag. “Ons moes sertifikate kry dat ons nie enige geestesprobleme het nie.

“Toe het ons eendag net besluit bôgger dit, ons gaan ons eie troue hê. Ons is na die Notre-Dame, waar ons vir mekaar gesê het wat ons wil sê.”

In Londen was die amptelike troue soos ’n stukkie absurde teater. Hul enigste getuie, die teaterman Barney Simon, het vir Marius by die verkeerde stasie gewag en Marius het alleen (en net betyds) by die registrasiekantoor opgedaag.

“Hulle sê toe ons kan maar net die bruidspaar van die volgende troue as getuies vat,” sê Evette. “Die Spaanse meisie verstaan toe verkeerd en toe ons haar roep om nader te kom, sê sy: ‘*Oh no, not him!*’” voltooi Marius haar sin.

“En toe sê die registrateur: ‘*Will you take this man, Martin Mêrius, as your lawful wedded husband*?’ ” val Evette in. Intussen sukkel Marius met die goedkoop Russiese ringe. Toe hulle buite kom, is daar ’n fotograaf wat aanbied om hul troufoto’s teen £20 te neem. Hy is daar weg, en hy en die foto’s verdwyn vir ewig die niet in.

Vier dekades later beskryf die ordelike Marius Evette as ’n “orkaan van chaos” en sy trotseer sy ontvlambare humeur met die nodige humorsin. Hulle leer saam Spaans terwyl hulle soggens saam hul oefeninge doen, en hulle sê vir mekaar Pablo Neruda se gedigte op.

Hy lag skalks. “Toe ek 55 word, toe besluit ons die ouderdom kom nou nader, wat gaan ons doen? Toe maak ons ’n kopskuif en besluit ons gaan ons liggame vir die res van ons lewens hanteer asof hulle 50 jaar oud is.


“Daar is so ’n groepsooreenkoms tussen die ooms en die tannies. As hulle sestig word, begin hulle optree soos sestig en as hulle sewentig is, dan praat hulle net oor die pyne. Ons het gesê: Ignoreer dit – as daar pyne kom, werk die lyf asof hy vyftig is en ons doen dit nog steeds.”

## ‘VIR EWIG EN ALTYD’


Tog is die uitmergelende rol wat hy binnekort weer op die Woordfees teenoor Sandra Prinsloo in *Vir Ewig en Altyd* gaan speel, nader aan die been as wat ’n mens mag dink.



**1968, Die laaste van die takhare:** Marius en Sandra Prinsloo in die heel eerste stuk waarin hulle saam gespeel het. Hulle is vanjaar weer saam in talle produksies, onder andere in Vir Ewig en Altyd by die Woordfees.



**1977, Othello:** Toe Marius die hoofrol gespeel het in *Othello*, het Evette (by hom in die kleedkamer) sy grimering gedoen. Hy het tydens een van die vertonings die verhoog verlaat weens die skolegehoor se gedrag.



**1980, Report to an Academy:** Marius as Rooi Piet in dié eenmanvertoning gebaseer op 'n kortverhaal van Franz Kafka. Dié rol was "die grootste uitdaging en bevrediging" van sy loopbaan.



**1983, Die Vasvat van 'n Feeks:** Marius as die ryk vrygesel Petruchio. Hy het net voor repetisies begin het 'n ribbebeen gebreek op sy seilplank en het elke keer gegil as Sandra Prinsloo (as Kate) aan hom gevat het. **Foto's: VERSKAF**



Evette en Marius in die "voortuin" van hul huis op Rooiels, waar hulle reeds die afgelope 19 jaar voltyds woon. Marius het spesiaal die erf voor hul huis gekoop sodat hul uitsig nie belemmer word nie. **Foto: DEON RAATH**

In dié vertaling en verwerking van Tom Holloway se *And No More Shall We Part* kry die teaterganger 'n kykie in Danie en Pam se laaste ure saam, ná 'n gelukkige huwelik van 38 jaar. Pam het kanker en die dokters het besluit om alle behandeling te staak. Sy kies genadedood sodat sy met waardigheid kan sterf.

"Toe ons die ding gerepeteer het – Here, dit was seer. Daar was dae dat Sandra net eenvoudig in trane uitgebars het. Dan moes ons net wag, want 'n mens raak self so aangedaan deur die ding."

Hy en Sandra het verlede jaar toevallig ook aan 'n rolprent oor genadedood saamgewerk. Dié keer is die rolle net omgeruil. "Ek is die een wat doodgaan, en sy's my vrou."

Hy aarsel, in wese eintlik 'n kluisenaar wat verkies om sy "kleed van onsigbaarheid" te dra.

"Ja, ek het so 'n . . . ons het almal so 'n bietjie van 'n kankerskok gehad. Ek het, en Evette het ook. 'n Mens is daardeur, maar . . . "

Evette vertel van die "karkaatjie of iets hier op my gesig wat net nie wou weggaan nie" en toe vind hulle uit dis 'n "baie milde vorm van kanker". "Dit was verskriklik, maar ná vier inspuitings het dit weggegaan."

Marius praat stadiger. "Ek het vier jaar gelede prostaatkanker gehad. Dis daai nuus wat jy kry aan die begin wat jou bietjie vir 'n ses slaan. Toe kry ek die operasie en hulle wil hê ek moet bestraling ontvang, wat vir jou 'n verskriklike skok was, want jy't gedink alles is nou opgelos," sê hy aan Evette.

"Ek was klaar in so 'n toestand dat ek gedink het oukei, doen dit net, maar jy het gesê: 'Nee, ons gaan dit nie doen nie'."

Hulle besluit toe om die "natuurlike roete te volg" met onder meer binne-aarse vitamien C-inspuitings, al was hy ontsettend swak ná die operasie.

Hy glimlag. "Ek is so bly sy't aangedring dat ek nie die bestraling doen nie, want ek is nou heeltemal in remissie. Héél-temal."

> "En dis wat lekker is: Dat jy nou kan sê jy is saam met wie jy wil wees, wáár jy wil wees en ons doen altwee werk wat ons graag wil doen."

Hy vryf oor die rifrug, Tookwie, se kop. "Om net uit daai hospitaalkamer te kon kom . . . Alles is helderder, die lug is blouer en dit ruik lekkerder. Skielik besef jy net dit kon nou die einde gewees het."

En ja, sedertdien benader hy tóg die lewe anders. "Jy weet, die ding begin in 'n mens se kop sit: As ek nie nou van die kanker doodgaan nie, hoe gáán ek dan nou dood? Dis hierdie misterie van hoe gaan dit gebeur? Wánneer gaan dit gebeur? Dis nie 'n *depressing* ding nie, maar dis tog iets wat jy net so sit op die horison."

Voor ons is die see en die rotse so naby dat dit voel of jy daaraan kan raak.

"Ek sou 'n genadedood kies as dit by 'n sekere punt kom. Baie beslis. Ek wil dit nie aan my familie doen wanneer jy op 'n punt kom waar jy nie meer 'n kwaliteitlewe het nie."

Evette: "Ons het op 'n grappige wyse gesê as jy nou sien die ander ene raak te seniel, dan sê jy: 'Oukei, dis tyd om van die berg af te spring'."

Marius lag. "Nee, dan ról jy van die berg af. As jy nie 'n humorsin het as jy ouer raak nie, gaan jy sukkel."

### 'EK SÊ NEE'

Sedert sy kankerskok probeer Marius meer tyd deurbring in Rooiels, waar hy en Evette die afgelope 19 jaar voltyds woon. By Emoyeni, vantevore Evette se ouers se vakansiehuis, eet hulle uit hul "voortuin" deur kreef en alikruk te duik en vis te skiet. Evette bied seewerksessies aan vir kinders in die rotspoele en Marius sit by haar in haar ateljee terwyl hy sy woorde leer en sy haar Boeddhas en ander beelde uit steenwareklei boetseer.

Dié man, wat volgens die fotograaf al "in elke liewe Afrikaanse rolprent gespeel het", glimlag. "Ek sê nee vir heelwat goed. As ek terugdink aan verlede jaar, is ek baie bly daaroor. En dan as jy iets kry wat jou werklik interesseer, werk jy met entoesiasme daaraan."

Vanjaar is sy 51ste jaar in die teater – 'n bestemming waar dié seun van 'n dromer, skoenmaker, diamantdelwer, handelaar en boer per toeval beland het. Terwyl hy in die leër was, het hy eers besluit hy wil 'n filmmaker word. Toe geen filmmaatskappy vir hom wou werk gee nie, het hy vir 'n oudisie vir Eghard van der Hoven in die Breytenbach-teater in Pretoria gegaan.

"Eghard het gesê hy't 'n vonkie êrens gesien en hy't my toe aangestel in skoleprogramme, op voorwaarde dat ek spraakklasse loop."

Hy giggel. "Edgars was klaar by die leërgimnasium om te hoor watter mense stel belang om *window dressers* te word. As Eghard nie gesê het: 'Oukei, ons gee jou vir drie maande 'n kans nie', weet ek nie waar ek sou gewees het nie."

'n Halfeeu later was hy en Evette al Hollywood toe en terug en in dié plastiekstad het hy in gróót films soos *Farewell to the King*, *The Power of One* en *Bopha!* gespeel. Sy "grootste" rol was egter sy internasionaal bekroonde eenmanstuk, Kafka se *Report to an Academy,* wat hy nege jaar lank en dwarsoor die wêreld opgevoer het.

In dié stuk deurgrond hy die sjimpansee Rooi Piet se pynlike reis na menslikheid en vir hom is dit steeds "die grootste uitdaging en die grootste bevrediging" van sy loopbaan.

### SOOS TWEE HARTAANVALLE

Net soos toe, sal hy op sewentig tydens repetisies "steeds so ver gaan dat jy voel jy's besig om jou gesondheid aan te tas".

Hy lig sy hande omhoog. "As 'n mens regtig eerlik wil wees, en 'n mens wíl eerlik wees, dan moet jy nou maar net weet jy gaan so ver as wat jy kán. As jy 'n groot rol speel en dis die openingsaand en daar's soveel adrenalien wat pomp . . ."

Geamuseerd: " 'n Dokter het al vir 'n ander akteur gesê: 'Wat julle deurgaan op 'n openingsaand is gelyk aan twee hartaanvalle'."

Gelukkig het hy vir Evette. Hy kyk na haar met die vertroudheid van ou getroudes.

"Jissie, dit moet onmoontlik wees as jy iemand by jou het wat nie verstaan nie. Daar was tye toe ek Iago (in *Othello*) gespeel het die aand in Pretoria, en dan gaan ek die dag Johannesburg toe om aan Proctor in *The Crucible* te repeteer.

"Evette het my elke dag heen en weer gery en toe kry sy serebrale malaria – ons het nie gewéét dis malaria nie.

"Sy't so siek geword dat as ek saans ná die teater by die huis kom, waar sy vir my kos reg het, lê sy op die vloer en bewe, en dan hou ek haar net vas en ons bewe saam."

Dis daarom dat hy nie vir 'n oomblik weifel toe ek hom vra wat die belangrikste besluit van sy loopbaan was nie. "Evette! O beslis, o dankie, Vader!" kom dit vinnig.

"Ons praat nou nog oor die lewe wat soos *sliding doors* is. As daai ongeluk nie gebeur het nie, hoe sou ons lewens gewees het? Só 'n klein dingetjie kan gebeur, en dan gaan jou lewe in 'n ander rigting. En dis wat lekker is: Dat jy nou kan sê jy is saam met wie jy wil wees, wáár jy wil wees en ons doen altwee werk wat ons graag wil doen."